**CHANGE – Bybelstudie**

**Week 3:**

*Hieronder is 'n teksvers vir elke dag van die week. Die challenge is om elke dag van die week die vers vir die dag te lees en daaroor te gaan nadink. Wat beteken dit vir jou? Wat dink jy wil die Here vir jou daarin sê? Die gedagte is om dit te lees en daaroor te dink soveel as moontlik deur die loop van jou dag. Gebruik dit dan hierdie week die teksvers as 'n gebed.*

**Maandag: Ps 51:8** "Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart; laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe."

**Dinsdag: Ps 139:1-2** "Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan Uweet dit. U ken my gedagtes nog voor dit by my opkom."

**Woensdag: Jesaja 1: 18** "Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi julle sal wit word soos wol."

**Donderdag: Matteus 6:9-13** "*Onse Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in die versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose."*
*neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak..."*

**Vrydag: 1 Johannes 1:7, 9** *"Maar as ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig , Hy vergewe ons ons sonde en reinig ons van alle ongeregtigheid."*

**Saterdag: Filippense 4:6** *"Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend."*

**Sondag: Lukas 18:1** *"Jesus het vir hulle 'n gelykenis vertel om duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word."*